



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

2017

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geignoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MIT** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

met kaartfasiliteite nie

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.1	<ul style="list-style-type: none"> • C • nie weet hoe om by haar bestemming te kom nie. • C nie weet hoe om by haar bestemming te kom nie. (Enige EEN) 	1	3
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • (Haar Geografie-)onderwyser) Hy het vir hulle van kaartlees/kompass geleer. • Hy was die oorsaak dat die skryfster die koudste aand van haar lewe beleef het. (Enige EEN) 	1	2
1.3.1	<ul style="list-style-type: none"> • ('n) kompas • ('n) kaart 	2	1
1.3.2	Selfone/slimfone/tegnologie/iArrow Lite/Commander Compass Lite/Spyglass/die (kaart)toepassing/die (kaart)toep (Enige EEN)	1	2
1.4	Dit was baie koud./Hoe koud sy gekry het.	1	1
1.5	<ul style="list-style-type: none"> • Nie alle mense het selfone/slimfone/selfone nie • Nie almal het selfone met kaartfasiliteite nie/(die kaart) toepassing nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.6.1	Dit is 'n Engelse woord/naam/'n woord uit 'n ander taal.	1	3
1.6.2	toepassing	1	3
1.7	<ul style="list-style-type: none"> Dit kan my help as ek/jy verdwaal. Dit sal my/jou help om die pad te vind Dit kan my/jou om by die polisiestase/hospitaal/nooddienste uit te kom. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
1.8	betonoerwoud	1	2
1.9	<ul style="list-style-type: none"> Dit wys jou in watter rigting jy moet loop om uit te kom waar jy wil wees. Jy tik die begin(punt) in en die pyl dui jou roete aan Hulle kan hul motor by groot winkelsentrums opspoor. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2	2
1.10.1	"Daarom is dit deesdae onmoontlik om te verdwaal."	1	2
1.10.2	<ul style="list-style-type: none"> Ons/mense mis/neem steeds die verkeerde afdraai/pad/verdwaal steeds. Ons/mense laat na om ons/hulle fone betyds te laai/laat toe dat ons/hul selfone se batterye pap word. 	2	2
1.11	<ul style="list-style-type: none"> Sy kon nie onthou wat sy van kompaslees geleer het nie. Sy verkies eenvoudige toepassings. Sy beklemtoon die belangrikheid van eenvoudige toepassings regduer die leesstuk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
1.12.1	beter/ingewikkelder/moeiliker/slimmer (Aanvaar ook die stellende trap)	1	3
1.12.2	<ul style="list-style-type: none"> Werke waarin jy met kaarte/kompasse werk In die spesiale magte (polisie/weermag)/op duikbote/in vliegtuie/Boeings (Enige EEN)	1	2
1.13	<ul style="list-style-type: none"> Lees die handleiding/instrusies. Kyk na die opleidingsvideo's. 	2	1
1.14	<ul style="list-style-type: none"> <i>iArrow Lite</i> is maklik om te gebruik/gebruikersvriendelik. Dit is eenvoudig. Daar is net 'n pyl om te volg. Mense hoef nie ingewikkelde opleidingsvideo's/instruksies te bestudeer nie. Mense hoef nie te weet hoe om kaarte te lees nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	2

1.15	<ul style="list-style-type: none"> • D • inligting te verskaf. • D inligting te verskaf. (Enige EEN) 	1	5
1.16	verligting	1	4

TEKS B: SUPERMA [Verwerk uit <i>Volksblad</i> , 10 Februarie 2016]			
VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.17	<ul style="list-style-type: none"> • Die ma moet alles/baie take (alleen/gelyktydig) doen. • Die ma is baie besig. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	3
1.18	onregverdig	1	4
1.19	<ul style="list-style-type: none"> • Die kinders sit (stroopsoet) hulle huiswerk en doen. • Die kinders konsentreer net op hul werk. • Dit is netjies om hulle. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	3
1.20	<ul style="list-style-type: none"> • Die man sit/lê uitgestrek/agteroor/gemaklik op die stoel. • Die man se skoene is uitgetrek. • Die man se das is losgetrek. • Die man se oë is toe. • Die man se hande is ontspanne. • Die man se lyftaal wys adt hy ontspan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	3
1.21	swoeg en sweet	1	2
1.22	<ul style="list-style-type: none"> • Die man is op die voorgrond geplaas. • Die man is groter geteken. • Die man praat eerste/sit die hele gesprek aan die gang. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5
TOTAAL AFDELING A:		30	

AFDELING B: OPSOMMING**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Punttoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
 - 3 punte vir taal
 - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1–3 korrekte feite: 1 punt
 - 4–5 korrekte feite: 2 punte
 - 6–7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
 - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
 - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

LET WEL:

- **Getal woorde:**
 - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
 - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
 - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

VRAAG 2**TEKS C: HOU 'N SUKSESVOLLE ROMMELVERKOPING**

[Eie teks]

DIREKTE AANHALING		EIE WOORDE
<p>Is jou garage ook só vol ongebruikte, stukkende of ou items dat daar byna nie plek is om die motor te parkeer nie? Indien wel, is dit dalk tyd dat jy jou eie rommelverkoop reël. Hier is 'n paar idees om jou te help.</p>		
<p>Aangesien jy nie vir skelms die kans wil gee om jou plek te leer ken nie, moet jy nie die verkoping in jou garage hou nie. Hou dit liever buite op die sypaadjie of onder jou motorafdak.</p>	1	<p>Moenie die rommelverkoop in jou garage hou nie./Hou die rommelverkoop buite (op die sypaadjie/onder jou afdak.)/Die rommelverkoop moet buite gehou word.</p>
<p>Jy wil graag geld maak uit jou rommelverkoop. Maak dus seker dat mense van jou verkoping weet./Jy kan plakate, waarop die nodige inligting oor die verkoping verskyn, op plaaslike winkels of die biblioteek se kennisgewingborde plak.</p>	2	<p>Adverteer jou rommelverkoop./Maak seker dat mense van jou verkoping weet./Plak advertensies van jou rommelverkoop by winkels/biblioteke op.</p>
<p>Gaan deur al die goed waarvan jy ontslae wil raak. Maak dan 'n volledige lys van al die items wat jy wil verkoop. Dit skep verder 'n goeie indruk as al die items wat jy wil verkoop, skoon is. Dit sal jou ook meer geld in die sak bring. Kopers wil ook nie die hele tyd vir jou vra wat 'n item kos nie. Nadat jy jou prys bepaal het, moet jy dit duidelik op al die items plak.</p>	3	<p>Stel 'n lys saam van dit wat jy wil verkoop.</p>
<p>Tyd is geld! Mense wat kom om jou verkoping te ondersteun, wil nie hulle tyd mors nie. Gevolglik moet jy seker maak dat jou tafels vroegoggend gereed is sodat jy die kopers dadelik kan bedien.</p>	4	<p>Sorg dat al die items wat jy wil verkoop, skoon is.</p>
<p>Tyd is geld! Mense wat kom om jou verkoping te ondersteun, wil nie hulle tyd mors nie. Gevolglik moet jy seker maak dat jou tafels vroegoggend gereed is sodat jy die kopers dadelik kan bedien.</p>	5	<p>Die pryse van jou items moet uitstaan./Plak die pryse op die items.</p>
<p>By die meeste garage-verkopings word daar net met kontant vir aankope betaal. Jy moet dus seker maak dat jy genoeg kleingeld het.</p>	6	<p>Maak seker dat jy vroegoggend gereed is vir die eerste klante./Jou tafels moet vroegoggend uitgepak wees/gereed wees vir die kopers.Jy moet jou kopres daelik kan bedien (as hulle daar opdaag).</p>
	7	<p>Maak seker dat jy genoeg kleingeld het. (60 woorde)</p>

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 3**TEKS D: ADVERTENSIE**[Verwerk uit *rooi rose*, Augustus 2016]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
3.1	Maklikste	1	1
3.2	Jaarliks	1	1
3.3	Spesiale	1	1
3.4	Is jy dankbaar vir alles?	1	3
3.5	Die datum (van die wedloop)	1	5
3.6	springlewendig	1	1
3.7	dankbaar/dankbaarheid/maklik/lewendig/spesiaal (emotiewe woorde) (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	6
3.8	hardloop	1	5
3.9	Die vrou het nie 'n gesig nie.	1	6
3.10	<ul style="list-style-type: none"> • D • meer klante by hulle gaan koop. • D meer klante by hulle gaan koop. (Enige EEN)	1	3
		[10]	

VRAAG 4**TEKS E: STROKIESPRENT**[Verwerk uit *Rapport*, 24Oktober 2004]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
4.1	mening	1	3
4.2	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is 'n vraagteken bokant Dennis se kop. • Dennis se hande in die lug dui daarop dat hy raadop is. (Enige EEN) 	1	5
4.3	<ul style="list-style-type: none"> • B • Jy het die kat aan die stert beet. • B Jy het die kat aan die stert beet. (Enige EEN) 	1	2
4.4	4.4.1 verveeld/belangeloos/moeg/ge 4.4.2 belangstellend/geïnteresseerd/oplettend (Kandidate mag ook meer as een woord gee solank dit net in die taalstruktuur wat gegee is, pas.)	1 1	6
4.5	<ul style="list-style-type: none"> • Dit laat die leser op die kinders se gesigsuitdrukkings/emosies fokus. • Dit wys dat Dennis nie belangstel nie. • Dit wys dat daar stilte heers in die klas/niemand praat nie. (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde) 	1	3
4.6	Hoe harder ek probeer, hoe meer mors ek.	1	6
4.7	(Dennis,) hoe was jou eerste dag van die nuwe kwartaal?" (Aanvaar ook met aanhalingstekens)	1	3
4.8	Ek is deur my maats geïrriteer./Ek is geïrriteer deur my maats.	1	3
4.9	<ul style="list-style-type: none"> • Die woord is in hoofletters getik. • Die woord is vetgedruk. • Daar is 'n uitroepeteken na die woord. • Die woord is groot geskryf. • Die skryfwese (Enige een) 	1	5
		[10]	

VRAAG 5			
TEKS F: SWART VRYDAG IN SUID-AFRIKA SE WINKELS			
[Verwerk uit <i>Beeld</i> , 26 November 2016]			
VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.1	winkelsentrums	1	2
5.2	Almal was op soek na winskopies.	1	1
5.3	kopers	1	2
5.	geweet	1	3
5.5	Suid-Afrikaners	1	3
5.6	<ul style="list-style-type: none"> • Ek was my hande. • Die was van die kers het my gebrand. • Ek haal heuning uit die was van die bye. (Of soortgelyk)	1	2
5.7	waentjies	1	2
5.8	goeie	1	2
5.9	Party/party/Sekere/sekere	1	2
5.10	beplan	1	3
5.11	<ul style="list-style-type: none"> • Pria Naidoo was daar aangesien sy vir haar seun sy Kersgeskenk wou koop. • Aangesien Pria Naidoo vir haar seun sy Kersgeskenk wou koop, was sy daar. • Aangesien Pria Naidoo daar was, wou sy vir haar seun sy kersgeskenk koop. (Enige EEN)	1	1
5.12	daarvoor	1	1
5.13	Dit was nie baie duur nie.	1	3
5.14	Hy het ná die inkopies huis toe gegaan om met sy nuwe speelding te speel.	1	3
		[14]	

TEKS G: PRENT [Verwerk uit www.nalibali.org]			
VRAAG	ANTWOORD	PUNT	DENK- VLAK (Bloom)
5.15	bril	1	1
5.16	van	1	1
5.17	hempie	1	1
5.18	die vleis	1	3
5.19	Sjoe!/Haai!/O genade!/Ai!/Kyk hier!/Jippie!/ Goeie genade! Hoera! (aanvaar ook sonder die uitroep-teken en met kleinletters omdat "uitroep" getoets word) (Of soortgelyk)	1	2
5.20	tevrede	1	1
		[6]	

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80
